S
Skitterskoon
SKOONMAAKDIENSTE
084 379 5080
skitterskoon@gmail.com
Ametisstraat 14

ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Mei 2026 Volume 3 Uitgawe Nr 30


OOM
Orania Ontwikkelingsmaatskappy
Bou die stad.
Bou die toekoms!
Pieter Bisschoff:
Inligting en bemarking
+27 (0) 53 030 0000
pieter@ontwikkelorania.co.za

## KITSNUUS

Lees meer binne

Lees Artikel 235 verklarings - skakels
Bl 2

Nadia bemagtig vroue
Bl 3

Borg 'n wit kruis!
Bl 3

Koorsboom - digbundel bekendgestel
Bl 4

Huldeblyke
Bl 4

Boek: Sheugnet skryf Nelie se verhaal
Bl 5

Die nat Rebelspoor
Bl 6

10 vrae: Lynette Bronkhorst
Bl 8

Moederskap is...
Bl 11

Jantoené vat vrees vas
Bl 12

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Rebelle laat modderspore



Rebelspoorstappers by die plaas Steenkampsput op pad na Bloubos waar hulle oornag het. Van links na regs staan Berto le Cornu, Brendom Oosthuizen, Theuns Wessels, Cobus Kirsten, Anina van Devnter, Hilke le Cornu, Jannita van Deeventer, Anna Beyers, Victor Muller, Eldien Kirsten.
Foto: Dr. Louis Bothma

# Artikel 235: Orania stoot terug



Dr. Wynand Boshoff, Vryheidsfront Plus LP in die Noord-Kaap.



Riaan Jacobs, Voorsitter van die Orania Verteenwoordigende Raad.



Joost Strydom, Uitvoerende Hoof: Orania Beweging.



Dr. Carel Boshoff, Vryheidstigting, Orania.

Vervolg op bl. 2

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden
Grafiese ontwerp: STORM
redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



KOFFIE EN KLETS
met die redakteur

# Aardse goed wat jou anker



61 jaar is baie tyd om goed bymekaar te maak, te versamel, as geskenke te kry, lief te hê, te koester. Ons stal dit uit, pak dit in 'n rak, gebbruik dit, oorlaai 'n laai of hang gunstelinge bo-oor mekaar.
Elke liewe item het sy eie storie. Ek onthou toe my ma vir my dié gegee het… Dié was my ouma s'n… Hierdie was my pa se laaste trui wat my ma gebrei het... My boetie het hierdie met sy eie hande gemaak… My vermoorde vriendin en ek het hierdie kassie… 'n Liefste vriendin het haar oorlede dogter se koei vir my gestuur…
Om dit te laat gaan, te verkoop, weg te gee, te verpak, uit te stal en te sien wegry is 'n byna vreesaanjaende ervaring. Die herinneringe oorweldig jou soms tot 'n tranedal omdat jy nie in daardie oomblik perfekte woorde kan kry om jou gevoelens te beskryf nie. Ooremosioneel? Ek gee werklik nie om wat jou mening daarvan is nie. Hierdie was my goed en daar is stories en mense wat daardie goed aan my hart gebind het.
Wanneer jy nog min tyd ook het om van BAIE jare se goed ontslae te raak, laat dit jou menigmaal angstig voel, selfs hiperventileer. Die uitstel van dié aksies laat jou soms vries, want vlug kan jy nie. Om daarteen te veg laat jou magteloos voel.
Die rasionaal wat ek myself telkemale mee moes aanpor was: "Nou hoef ek nie iemand anders daarmee op te saal om my goed te kom uitsorteer as ek tot sterwe kom nie."
Dit is vir my swaar om my hoop woordeboeke te los. 'n Woordeboek is soos 'n museum vol geskiedenis en nuwe ontdekkings. Jy kan blaai en blaai en nooit verveeld raak met die prag van woorde nie. Ons taal is 101 jaar oud vanjaar, maar tog so jonk. Dit hang van ons af om dit aan die brand te hou.
Weet jy hoeveel weeg 'n Bybel? En ek het eintlik 4 wat ek wil saamneem. Meer as 3kg per Bybel! Ek wil nie elektronies lees nie. Ek wil strepe en kringe trek en kernwoorde neerskryf om die Vader se wysheid, of sy teregwysing, of sy liefde en genade uit te lig.
Nou het ek 3 x 23kg se Bybels, klere, foto's, dokumentasie, memorabilia en koestergoed oor. Drie tasse vol daarvan. Is dit genoeg om 'n nuwe lewe mee te begin bou? Ek weet nie. Ek sal julle laat weet as ek uitgevind het.
Dit is winter. Skink solank 'n warm beker koffie en vou jou hande saggies om sodat jy daardie koppie se hitte kan absorbeer. Laat so tikkie van daardie hitte in jou hart gaan lê.
Gee vandag vir iemand om wat mense of iets moet agterlaat!
Maklik of eenvoudig is dit nie! Oor die mense wat jy agterlaat skryf ek later...
Hebreërs 6:19 –en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel 20 – waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het…

*Dia van den Heever*

vervolg vanaf bl 1...

# Beskerm kulturele selfbeskikking en Artikel 235

Op Vrydag 24 April het instellings 'n mediakonferensie aangebied waartydens die gemeenskap van Orania en Koerania ingelig is oor die onderskeie instellings se verklarings wat aan die Speaker van die Parlement gerig is om die MK-LP Mzwanele Manyi se aanval teen Artikel 235 aan te spreek. 'n Deelnameproses is tot 1 Mei gevolg, waarin die publiek hul ondersteuning kon toon. Daardie proses het gesluit, maar daar mag weer van die publiek ondersteuning verlang word wanneer die Parlementêre Portefeuljekomitee uitspraak lewer.
Gaan vergewis jouself gerus oor die feite van die artikel deur die skrywes te lees en selfs meer inligting te bekom oor die bestaansreg van Orania.
**Die Orania Beweging se skrywe is hier beskikbaar:**
– Besoek www.orania.co.za/ondersteun
– Vul jou inligting in. Dit dien as 'n digitale handtekening en bewys van ondersteuning vir Afrikaner-selfbeskikking en Artikel 235.
– Lees deur die Orania Beweging se brief en laai dit af.
**Die Orania Dorpsraad se skrywe kan hier gelees word:**
Dokumente – My Orania
**Die Vryheidstigting**
https://www.facebook.com/share/p/1B31uzXqVE/

**Die VF Plus – dr Wynand Boshoff:**
Manyi oor selfbeskikking: Klaarblyklik begryp MK-LP nie die SA-Grondwet of internasionale reg nie – dr Wynand Boshoff (Vryheidsfront Plus-LP) skryf op 23 April 2026: Manyi oor selfbeskikking: Klaarblyklik begryp MK-LP nie die SA-Grondwet of internasionale reg nie | Freedom Front Plus
Joost Strydom sê: "Die Orania Beweging is oorweldig met hoeveel mense ons ondersteun het, en diep dankbaar! Ons vra volgehoue druk wanneer die volgende fase van die proses begin. Ons sal nie op ons louere rus wanneer ons regte aangeval word nie."


Frans de Klerk, Kommunikasiebeampte: Orania Beweging


Burger Lambrechts, Hoof: Inligting en Skakeling, Orania Dorpsraad

1991 - 2026
35 Orania

# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Die Tupperware Republiek

*- Wynvlieg Woltemade*

Mens verstaan eers regtig hoe sterk Afrikaner-selfbeskikking werk die dag wat jy by 'n kombuis instap en en besef daar is 'n volledige regeringstelsel in plastiekbakke georganiseer.
Nie parlement nie.
Tupperware.
Elke huis het daai kas. Jy maak hom oop en onmiddellik val drie deksels, 'n ou Cremora-blik en emosionele trauma op jou neer. Dis nie 'n kas nie, dis 'n argief van die volk.
Die tannies bestuur hom soos 'n staatsdepartement.
Die groot bakke onder. Die medium bakke links.
Die "goeie" Tupperware agter vir kerkbasaar of wanneer die dominee kom eet. En wee die man wat sommer 'n oorblyfsel-bak vir skroefies in die garage gebruik. Dis basies 'n staatsgreep.
Ek ken 'n oom wat vir twee dae uit die huis verban was omdat hy tamatiebredie in 'n "vrugteslaai-houer" gesit het.
Want daar is orde.
Ons mense glo nie aan chaos nie. Dis hoekom selfs die Tupperware 'n grondwet het.
En soos enige republiek het hy ook politieke spanning.
Daar is altyd een deksel wat nie pas nie. Niemand weet waar hy vandaan kom nie, maar niemand gooi hom weg nie. Hy dryf vir jare deur die sisteem soos 'n klein opposisieparty, nutteloos, maar permanent teenwoordig.
Dan kry jy die Margarine-party.
Daai ou "I Can't Believe It's Not Butter"-bakke wat stadig die oorspronklike Tupperware infiltreer totdat die hele kas soos 'n koalisie-regering begin lyk. Dis goedkoop populisme in plastiekvorm.
Maar die ware mag lê by die tannie wat die kas bestuur.
Sy hoef nooit haar stem te verhef nie. Sy kyk net oor haar bril en sê:
"Daai deksel hoort nie daar nie."
En skielik herstel orde vanself.
Dis dalk hoekom Afrikaners so lief is vir klein gemeenskappe. Ons is van kleins af geleer dat oorlewing afhang van etikette, dissipline en om presies te weet waar die goeie bakke gebêre word.
Die staat kan val.
Die ekonomie kan brand.
Eskom kan weer trip.
Maar iewers in Suid-Afrika sit 'n tannie rustig spaghetti-bolognaise in 'n R299 Tupperware-bak en herstel die republiek met een klik-deksel op 'n slag.
Ek is Wynvlieg Woltemade, en ek sit vanaand stil tussen 'n kas vol plastiekdeksels en die laaste bietjie skaapbredie, en wonder hoeveel van ons land eintlik deur tannies met goeie organiseervermoë aanmekaar gehou word.

**Kontak Koerania indien jy redaksionele bydraes wil lewer:**
**redakteur@koerania.co.za**


# Toe + Nou = Vooruitgang!





Daar is niks soos 'n foto om die werklikheid beter mee te verduidelik nie.

Hierdie foto's het onlangs op die Facebookblad van Orania verskyn. Dit het baie kommentaar ontlok, maar dit vertel 'n storie van eie arbeid, eie grond en eie instellings. Afrikaners doen dit vir hulself.

Wat doen jy vir jou eie volk?





# Nadia werk na die herstel van vroue se waardigheid

Dia van Staden

In die hartjie van die Noord-Kaap is daar 'n unieke diens beskikbaar wat dikwels in die skaduwees van algemene mediese praktyke bly, maar wat 'n lewensveranderende verskil aan vroue se lewenskwaliteit kan maak. Nadia Schietekat is die enigste fisioterapeut in dié gebied wat spesialiseer in vrouegesondheid met 'n spesifieke fokus op die pelvis (bekkenbodem). Vir Nadia is dit meer as net 'n beroep; dit is 'n roeping om vroue se waardigheid vir hulle terug te gee.

Vrouegesondheid dek 'n breë spektrum wat dikwels misgekyk word. Of dit nou gaan oor uitdagings tydens of ná swangerskap, herstel ná kankerbehandeling (soos servikale of vaginale kanker), of die simptome van menopouse en peri-menopouse, die regte fisioterapeutiese ingryping is deurslaggewend. Baie vroue aanvaar ongemak, pyn of probleme soos inkontinensie as 'n normale deel van veroudering of moederskap. Nadia se boodskap is duidelik: "Jy hoef nie die probleem te aanvaar nie. Dit hoef nie jou norm te wees nie."

Die toestande wat sy behandel, sluit in rektale en vaginale prolaps, pyn tydens intimiteit, skeurings ná geboorte, buikpyn en hormonale veranderinge. Selfs kinders wat sukkel met die aanvanklike gebruik van 'n potjie of persone met spinale beserings kan baat vind by neurologiese hulp om beheer te herwin.

'n Konsultasie by Nadia is deeglik en neem gewoonlik een en 'n half tot twee uur. Pasiënte voltooi vooraf 'n vraelys wat beide mediese en intieme gesondheid dek. Sy volg 'n sielkundige benadering en respekteer elke vrou se grense; geen pasiënt word gedwing om 'n intieme ondersoek te ondergaan as sy nie daarmee gemaklik is nie. In Orania doen sy graag hierdie konsultasies by die vrou se huis, sodat sy in haar eie veilige spasie kan ontspan. Nadia beklemtoon die skakel tussen trauma, spanning en die fisiese liggaam. Trauma oorlaai die sentrale senuweestelsel, wat dikwels lei tot hoë kortisolvlakke. Sy verduidelik dat slegs vyf minute van doelbewuste asemhaling kortisolvlakke met tot 60% kan verlaag. Hierdie holistiese benadering, wat dikwels Pilates-asemhalingstegnieke insluit, help om die pelvisspiere te ontspan en pyn te verlig.

Een van die belangrikste aspekte van haar werk is om die taboe rondom intimiteit te breek. Spanning en die "veg-of-vlug"-reaksie van die moderne lewe is die grootste vyande van libido. Nadia bied seksopleiding en oefeninge aan om vroue te help om weer in voeling met hul liggame te kom. "Ons praat nie genoeg oor intimiteit en seks nie," sê sy. "Dit is 'n belangrike gesprek, ongeag hoe konserwatief jy is." Dit neem gewoonlik ses tot twaalf weke om 'n merkbare verskil te sien, aangesien nuwe gewoontes aangeleer moet word, maar die resultate is die moeite werd. Nadia vra tans normale konsultasiefooie vir hierdie spesialisdiens omdat sy voel dit is noodsaaklik dat elke vrou toegang tot hierdie hulp het.

Vroue wat meer inligting verlang of 'n afspraak wil maak vir 'n konsultasie in Orania of Hopetown, kan 'n WhatsApp-boodskap stuur na 083 659 3134. Nadia sal elke navraag persoonlik opvolg om die pad na herstel saam met jou te stap.



> "Jy hoef nie die probleem te aanvaar nie. Dit hoef nie jou norm te wees nie.
>
> -Nadia Schietekat



# Borg een van 3 000 wit kruise in Washington

Die Suid-Afrika-gebaseerde ideesentrum en voorspraakgroep, Lex Libertas, beplan 'n openbare waak in Washington, D.C., waartydens 3 000 wit kruise op die National Mall (die openbare grasperk tussen die Withuis en die Capitol Hill-geboue) vertoon sal word ter nagedagtenis aan slagoffers van plaasaanvalle in Suid-Afrika en om internasionale bewustheid te skep oor die land se groeiende krisis van geweld, rassediskriminasie en staatsverval.

Die vertoning vorm deel van 'n breër internasionale veldtog wat daarop gemik is om die werklikhede in Suid-Afrika onder die aandag van beleidmakers in die Verenigde State en die breër Westerse wêreld te bring. Dit is veral belangrik, aangesien baie rolspelers in die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse media doelbewuste pogings aanwend om die krisis as onbelangrik voor te stel.

'n Sleutelelement van die veldtog is 'n internasionale petisie wat 'n beroep op die Verenigde State doen om 'n spesiale gesant aan te stel wat hom of haar sal toewy aan betrokkenheid by die Afrikanergemeenskap en ander kulturele minderhede in Suid-Afrika, en om die strewe na selfregering as 'n legitieme en vreedsame oplossing te erken. In hierdie verband het Lex Libertas saamgespan met die New York Young Republican Club (NYYRC).

Die doel is om 100 000 name op die petisie te verkry voordat dit formeel aan die President van die Verenigde State, die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake en die Withuis oorhandig word.

Om die Washington-geleentheid moontlik te maak, het Lex Libertas ook 'n fondsinsamelingsinisiatief van stapel gestuur waardeur ondersteuners een van die 3 000 wit kruise wat op die National Mall vertoon sal word, kan borg.

Dr Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, sê die veldtog bou steeds momentum. "Die krisis wat Suid-Afrika raak, is al vir te lank geïgnoreer, en ons is vasbeslote om dit onder die aandag van die internasionale gemeenskap te bring op 'n wyse wat dit uiters moeilik sal maak om die bestaan van hierdie krisis verder te ontken."

Ondersteuners word aangemoedig om die petisie te onderteken en 'n kruis te borg om te help om die waak in Washington moontlik te maak.

Die petisie kan hier hier onderteken word.

Dieselfde skakel kan ook gebruik word om een van die wit kruise te borg.

*Besoek Lex Libertas se webtuiste vir voortdurende opdatering van inligting.




Foto: Dia van Staden
Stefano Forté, president van die NYYRC, het onlangs aan Koerania verduidelik dat hul volgende besoek aan Suid-Afrika dit ten doel sal stel om plaasmoorde in diepte te ondersoek.



Foto: Lex Libertas
Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, by die Witkruismonument of Plaasmoordemonument langs die N1-roete tussen Potgietersrus en Pietersburg, wat opsigtelik teen die helling van Ysterberg geleë is, op privaat eiendom van die Harmse-familie. Op die sowat 5 hektaar word sedert 16 Junie 2004 simboliese witgeverfde metaalkruise geplant vir elke sterfte tydens 'n Suid-Afrikaanse plaasaanval.

VANUIT DIE GEHOOR deur Roelien de Klerk

# Van beeldtegnologie tot skep met woorde

Jakes Möller se debuutbundel, Koorsboom, laat 'n mens lank nadink na elke gedig. Hierdie oud-Namibiër en radioloog, gebruik nie net beeldtegnologie om diagnoses te maak nie, maar skep beelde met treffende woorde. Sy fyn waarnemingsvermoë, wat waarskynlik verder geslyp is in sy beroep, word duidelik sigbaar in sy poësie.

Sedert 2020 werk hy in Brits en woon in Hartbeespoort met die Magaliesberge en Bosveld-skoonheid as agtergrond. Tog sien hy ook die letsels van die streek: die verterende industrieë, munisipale agteruitgang en maatskaplike verbrokkeling.

Juis hier kry die Koorsboom simboliese betekenis. Jakes (nêrens verwys hy na homself as dr. Möller nie) vertel dat dié boom unieke aanpassingsmeganismes het: die opsigtelike groen bas verrig ook fotosintese, terwyl sekere takke as "offerlote" dien waarin gifstowwe gekanaliseer word. Die tak verdor sodat die res van die boom kan oorleef. Die tak val later af – 'n outo-amputasie. Só word die Koorsboom 'n simbool van die mens in sy omgewing, stryd tussen lig en donker, en ook in onsself. Die bekendstelling van die bundel, op uitnodiging van Orania Kunsteraad (OKER), was 'n deurblaai van 'n baie interessante foto-album. Hiertydens lees Jakes nie sy gedigte voor nie, hy stel jou bloot en maak jou nuuskurig en dan laat hy ruimte vir interpretasie, 'n oop spasie wat nie kan wag om gevul te word nie.

Wat hierdie bundel besonders maak, is die tegniese vernuf daarvan. Resensente soos Joan Hambidge beskryf hom as 'n vorm- en rymvirtuoos wat klassieke digvorme soos die haikoe, sonnet, villanelle en rondeel meesterlik hanteer.



Möller het boonop die eerste volledige sonnettenkrans in Afrikaans geskep — 'n besonder moeilike digvorm waarin elke sonnet met die volgende verweef word en uiteindelik in 'n meester-sonnet saamvloei.

As Oraniër is die verwysing van Kleingeluk en die agterlaat van Grootgewaagd noemenswaardig. Jakes is reeds vir baie jare betrokke en besit hy eiendom in Orania.

Die vraag ontstaan vanself of hy in die toekoms nóg sal skryf en indien wel, watter genre sou dit dan wees?


"Ek loop rond met 'n paar idees in my kop. Hopelik broei daar mettertyd iets interessants uit!" "Die digkuns fassineer my omdat daar soveel gesê (en verswyg) kan word in enkele sinne.

Die spel met woorde en tegniek lei tot 'n verdigting van betekenis, waardeur die gedig op meer as een vlak gelees kan word.

Verder kom die musikaliteit van die taal vir my by uitstek na vore in die digkuns, wat seker verklaar waarom gedigte dikwels getoonset word."

Hierdie woorde laat die leser met verwagting, want Koorsboom bewys reeds dat Jakes Möller 'n unieke skrywer-digter in die Afrikaanse letterkunde is.


Hierdie hardeband digbundel is beskikbaar by Orania Skrywersgilde (082 2945145) en by turksvypublikasies.co.za




HULDEBLYK

## Henk van Niekerk - 27 Aril 2026

deur Francois van Niekerk



My pa, Hendrik Jacobus (Henk) van Niekerk, is op 23 September 1956 te Hopetown gebore. Hy was hier voordat die R369 geteer was. Hy het skoolgegaan in Jacobsdal in 1974, en nadat hy sy diensplig voltooi het, het hy sy hele lewe lank voltyds geboer.

Hy is op 22 April 1978 met Jackie getroud. Sy hande het vir niks verkeerd gestaan nie en was vir party alombekend as "Henk Patent". Hy het altyd grappe gemaak en het 'n hart van goud gehad. Sy bydraes aan induvide en skoolinstansies het sonder enige "fanfare" gepaard gegaan, soos dit hoort. Hy het sedert 2011 met kanker in sy rug geworstel en was meestal in remissie, maar met baie pyn. In 2024 is sy hart, wat altyd so sterk was, gediagonoseer met hartversaking en ons groet ons pa, oupa en man op 27 April 2026 waar hy in sy ewige rus ingegaan het.

Tot weersiens!

HULDEBLYK

## Wayne Joubert - 10 Mei 2026

deur Sam van Rensburg



Ons neem met swaar harte afskeid van Wayne. Dit is 'n man wat veels te vroeg van ons weggeneem is. In sy vyftigs was hy nog vol lewe, lag en goedhartigheid.Wayne was geliefd deur almal wat hom geken het. Hy het mense laat welkom voel, het maklik vriende gemaak, en sy teenwoordigheid het altyd warmte gebring. Sy vriendelikheid, humor en opregte omgee vir ander sal lank onthou word.

Hoewel sy tyd hier te kort was, het hy 'n groot indruk op baie Orania-lewens gemaak. Ons sal hom onthou vir die liefde wat hy gedeel het, die vreugde wat hy gebring het, en die herinneringe wat vir altyd by ons sal bly.

Rus sag, Wayne. Jy sal diep gemis word, maar nooit vergeet word nie.

# Kosmol en kliënte gee om

Die Kosmol huisves heelwat meer opsies vir 'n honger en dors individu. Dié ruimte bied 'n groot verskeidenheid ontbyte, middagetes en wegneemetes.

Die immergewilde Toffiewinkel kan ook by die Kosmol besoek word.

Jan Snyder, eienaar van die Kosmol, het onlangs 'n projek van stapel gestuur waar 'n Samaritaan 'n bydrae kan maak tot 'n minder bevoorregte se behoeftes. Persone wat die vermoë het om 'n ekstra koffie, soetigheid of ete vir 'n persoon te koop wat dit nie kan bekostig nie, kan by die "Ons gee om vir mekaar" bord 'n draai gaan maak.

Jan vertel: "Enige persoon kan vir 'n ete of drinkding vooruit betaal en die strokie word op ons omgeebord aangebring. 'n Behoeftige persoon kan enige van die strokies neem en daardie item of items opeis deur dit vir die personeel van die Kosmol te oorhandig. Die items sal sonder enige vrae voorberei en oorhandig word."

Die hele idee is dat ons empatie toon vir mense wat nie dieselfde voorregte as ons geniet nie.

Die publiek word uitgenooi om hul bydraes te maak en iemand anders se dag op te helder.




# Elisma vang graad

Akademia-alumnus, Elisma Boshoff is een van slegs 'n 100 kandidate wat vroeër vanjaar tot die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) se aspirantprogram vir aanklaers toegelaat is.

Vir Elisma Boshoff (24), was haar LLB-studiereis méér as net nóg 'n akademiese doelwit wat sy suksesvol nagestreef het. Dit was 'n doelbewuste keuse – een wat diep gewortel is in haar Christelike waardes, haar liefde vir Afrikaans en haar roeping vir geregtigheid. Boshoff lééf laasgenoemde roeping daagliks passievol uit as 'n aspirant staatsaanklaer verbonde aan die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) se Bloemfontein-kluster.

"My droom vir die instelling is dat dit steeds meer en meer 'n baken van hoop en lig sal wees wat opleiding in Suid-Afrika betref. Dat dit 'n studietuiste sal bly waar nóg meer studente wêreldklas programme kan voltooi en só met selfvertroue in die samelewing sal kan inskakel sonder om terug te staan.

Mag Akademia 'n pionier van ons tyd én die volgende generasies wees, veral wat regsopleiding betref," sluit Boshoff af.



Elisma Boshoff – 'n Akademia-alumnus met 'n roeping vir geregtigheid - Akademia

# Sheugnet laat Nelie leef

## *Van klipstapels tot karakters*

Dia van Staden



In 2017 het 'n nuusbrief van die Suidlanders, met 'n kragtige skrywe deur Flip Swanepoel, die vonk verskaf wat Sheugnet Wentzel Jones se passie vir die geskiedenis van Paardekraal laat ontbrand het. Hoewel sy in haar skooljare nie juis 'n ywerige geskiedenisstudent was nie, het hierdie spesifieke brief haar genoop om dieper te delf in die gebeure wat die hart van die Boerevolk gevorm het.

Haar navorsing het vinnig 'n merkwaardige patroon blootgelê: die gebeure by Paardekraal (1880) en Bloedrivier (1838) lê presies veertig jaar uitmekaar—'n tydperk wat dikwels in die Bybel as 'n generasie van loutering beskou word.

Jones se bevindinge toon dat waar die Gelofte by Bloedrivier tot die bou van 'n kerk in Pietermaritzburg gelei het, die dieper betekenis van die klipstapel op Paardekraal dikwels vir die moderne geslag verlore gegaan het. Sy trek 'n fassinerende lyn tussen hierdie stapel klippe en die Bybelse geskiedenis van Jakob, wat 'n klip gesalf en dit as die Huis van God aangewys het.

In 1880, 'n tyd toe die Boere deur Brittanje beset was en die Engelse aanspraak op die land toenemend "entitled" geraak het, was die Volksvergadering die sleutel om die vrymaking van die volk weer werkbaar te maak. Die spontane stapel van klippe deur duisende burgers was nie net 'n fisiese handeling nie; dit was 'n kragtige simbool van die herstel van gesag en republikeinse vryheid wat uiteindelik tot die Eerste Boereoorlog gelei het.


Jones glo egter dat geskiedenis deur stories vertel moet word om werklik 'n impak op die gemoed te maak. Vir haar is koue datums en feite soos 'n vaal, grys film wat min mense roer. Daarom het sy Nelie geskep—'n fiktiewe dog lewensgetroue karakter wat die leser deur die intriges van oorlog, krisisse en menslike emosie lei.

As 'n dromer en denker het Jones beelde van haar ouma op die plaas en vertellings uit 'n pionierswêreld sonder elektrisiteit gebruik om haar verhaal in te kleur. Sy het egter nie net op verbeelding staatgemaak nie; sy het ossewaens bestudeer en selfs perdrylesse geneem om die fisiese werklikheid van haar karakters se daaglikse bestaan te begryp en korrek te verwoord.

Die skryfproses was vir Jones 'n reis van persoonlike ontwikkeling. Sy het begin met eenvoudige lyste van name en eienskappe, maar die karakters het eers werklik lewe gekry toe sy met lewendige beelde in haar kop begin werk het. Die verhaal, wat tussen 1880 en 1882 afspeel, is met groot sorg vir historiese akkuraatheid saamgestel. Sy moes fyn let op tegnologiese feite—soos die feit dat die heliograaf nog nie in die Verre Noord aangewend is tydens die Eerste Vryheidsoorlog nie, en dus nie daar algemeen beskikbaar was nie. Sy moes in haar storie sorg dat historiese figure soos Piet Cronjé nie voortydig tot generaal bevorder word nie.

Vir Jones het hierdie werk haar insig gegee in die emosionele rykdom van daardie era en 'n nuwe logika vir die volk se verlede, hede en toekoms gebring. Hoewel die eerste boek oor Nelie en Faan voltooi is, het hulle haar bly spook, wat gelei het tot 'n tweede deel wat albei in die boek ingesluit is.

Tans wag 'n nuwe storie reeds op haar rekenaar. "Manne van die langpad," wat die lewens van diverse karakters in Pretoria verken, gryp tans haar verbeelding aan. Deur haar pen poog sy om die rykdom van die verlede toeganklik en verstaanbaar te hou vir die geslagte wat kom.





# Jong Pretoria-finaliste wil AI-klaskamerprojek VSA toe vat

Twee Pretoria-leerders, Gustav Heesen en Johan Vorster, het die besondere geleentheid gekry om Suid-Afrika by die Genius Olympiad in Rochester, New York, VSA, te verteenwoordig. Die internasionale kompetisie vind van 8 tot 12 Junie 2026 plaas en bring jong innoveerders van regoor die wêreld bymekaar.

Gustav en Johan se projek, die Advanced Mark Allocation System (AMAS), is gebore uit 'n baie praktiese Suid-Afrikaanse onderwysprobleem: onderwysers wat met groot klasse werk en ure aan merkwerk en administrasie verloor. Die seuns het begin wonder hoe tegnologie 'n gewone klaskamer prakties kan help, veral waar onderwysers met beperkte tyd en baie leerders werk. AMAS gebruik kunsmatige intelligensie en werkvloei-outomatisering om 'n onderwyser se gemerkte memorandum en 'n leerder se antwoorde te verwerk, terugvoer te gee, punte toe te ken en klasverslae te help saamstel. Die doel is nie om onderwysers te vervang nie, maar om hulle tyd terug te gee sodat hulle meer op onderrig en individuele ondersteuning kan fokus.

Hulle het die merkwaardige projek in Graad 7 ontwikkel, en is vandag deel van twee bekende Pretoria-skoolgemeenskappe: Gustav by Afrikaanse Hoër Seunskool en Johan by Pretoria Boys High. Hulle was die eerste Graad 7-leerders ooit wat as algehele wenners van die Gauteng-Noord iMBEWU Wetenskapskou aangewys is. Daarna het hulle nasionaal as Tweede Naaswenner by National iMBEWU SAYESS aangewys. Hulle is pas gekeur vir internasionale deelname aan die Genius Olympiad.

Vir Gustav, Johan en hulle gesinne is dit 'n groot eer, maar ook 'n groot finansiële uitdaging. Die reis behels koste vir twee leerders en een volwasse begeleier, insluitend vlugte, deelnamefooie, visums, reisversekering, verblyf, plaaslike vervoer en ander noodsaaklike uitgawes. Die gesinne samel ongeveer R120 000 in om die geleentheid moontlik te maak. Die projek wys dat jong Suid-Afrikaners nie net probleme raaksien nie, maar ook begin bou aan praktiese oplossings. Dit is 'n storie van wetenskap, tegnologie, Afrikaanssprekende families, gemeenskapsondersteuning en jong talent wat die kans kry om op 'n wêreld-verhoog te staan. Ondersteun gerus die BackaBuddy-veldtog of deel die storie verder.




Elke bydrae, groot of klein, help om Gustav en Johan nader te bring aan die kans om Suid-Afrika in die VSA te verteenwoordig.

**Ondersteuningskakels:**

BackaBuddy: https://www.backabuddy.co.za/campaign/genius-olympiad-finalists-help-us-get-there

Projekvideo: https://www.youtube.com/watch?v=YN_rT_ieRNU

## Hopetown se vroue rits rond...

As die wiele draai klim hulle in! Dié groep vrolike vroue het by 'n bekende koffiewinkel in Orania gesit en kuier toe Koerania die heerlike gekuier nie kon weerstaan nie. "Ons kuier op dié Vrydag, want ons kan," vertel hulle al laggende.

Voor sit Anita Vermeulen, Babsie Joubert en Rina Mynhardt. Ria du Toit en Noléne Cronje dek die agterhoede.

Tot volgende keer, dames!





Annebie en dr Ben de Klerk het op 21 April hul 47ste huweliksherdenking gevier.

# Rebelspoor laat ‘n sopnat spoor


Rebelspoorstappers baan hul weg deur ‘n groot waterplas ná 120 mm se reën in die Kalahari. Voor is Berto le Cornu met die vierkleurvlag; links agter Anna Beyers; en regs agter Eldien Kirsten.
Foto: Cara Tomlinson


3 susies op die Rebelspoorvasbyt 2026
V.l.n.r: Doret, Mia en Hilke le Cornu.

## Stappers vertel:

Doret le Cornu:
Rebelspoorvasbyt 2026 is een van daardie gebeure in die lewe waar jy nog lank na die tyd in verwondering staan en wonder of dit werklik was, maar op 'n goeie manier. Ek dink as ons die rebelle van 1914 kon vertel van al die reen wat ons in 'n dag se tyd in die Kalahari beleef het sou hul ons glad nie geglo het nie.

Wian Steyn:
Ons het vertrek op Woensdag die 29 ste April 2026 op die Rebelspoorvasbyt vanaf Orania.
Niemand kon raai wat die gewoontlik droee Kalahari vir ons ingehou het nie.
Dit het vreeslik gereen en ons het ons eerste dag onderdak deurgebring en speletjies gespeel en die geskeidenis onthou wat aan ons vertel was.
Daarna het ons vertrek op die spoor wat die rebelle aangedruf het . Die rebelle se rebellie het bekend gestaan as die Manie Maritz rebellie van 1914.
Sommige Afrikaners was gekant teen die deelname van Afrikaners aan die eerste wereld oorlog teen Duitsland.
Ons moes ongelukkig n dag vroeer ons Rebelspoorvasbyt stap toer opskort weens baie reen en het teruggekeer na Orania.
Ek beveel sterk aan dat die studente wie die toer later kan doen dit beslis meemaak.

Anna Beyers:
Ons het huis toe gegaan met nat klere, en dalk bietjie moeë lywe, maar die belangrikste is die harte vol herinneringe. Ten spyte van die reën, modder en planne wat moes verander, het die groep se gees nooit gebreek nie. Daar was altyd iemand wat ‘n grappie maak, saam lag en help om slaapsak droog te kry voor die kampvuur.
Dit is juis daardie saamstaan en mense wat as vreemdelinge begin en soos vriende huis toe gaan, wat Rebelspoor 2026 vir my so 'n besonderse ervaring gemaak het.

Brandon Oosthuizen:
Die rebelspoor en die geskiedkundige historiek daarvan het ek baie insigewend en interressant bevind en sien dit nodig vir ons jeug om nie net te leer daarvan nie maar om dit self te kan beleef omdat ek dit sien as ‘n uiterste heldhaftige gebeurtenis in ons afrikaner kultuur se geskiedenis dit was n belewenis en ‘n groot vooreg om weer saam Dr Louis Bothma op toer te kon gaan en ‘n paar lewenslesse leer van oom Louis ...oom louis weet net hoe om n boodskap vanuit die hart oor te dra, die eerste was alles begin by die Here en sonder die Here is die doelwit tevergeefs en die grote verantwoordelikheid wat op ons skouers berus om ons vryheid na te strewe soos "EFESIËRS 5:16 sê:" moet doen en beleef om te kan oorlewe as ‘n Afrikanervolkie omdat ons lewe in ‘n tyd van verdrukking. Ons kan vertroos word uit die skrif in Amos 5:24:
Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom.
Dit was baie lekker om nuwe vriende te kon maak en die Moloporivier in vloed te sien, Die rebelspoor was een groot belewenis en sonder twyfel die moeite werd!

Reghardt Jacobs:
Die Rebelspoorvasbyt staptoer is beslis iets wat ek sal aanbeveel vir enige iemand wat meer van ons volk se geskiedenis wil leer, en deur om te stap waar die rebele van die 1914 rebellie gestap het, maak dit net soveel meer onvergeetlik!

**Du Preez de Villiers – Mediaskakelbeampte FAK**

Die Moloporivier het op 30 April vir die eerste keer in meer as ‘n eeu weer die Oranjerivier bereik nadat swaar reën in die opvangsgebiede uitgesak het. Vir vanjaar se Rebelspoorvasbyt-stappers was dit ‘n uitsonderlike voorreg om hierdie seldsame, byna “eenkeer-in-‘n-leeftyd”-gebeurtenis, self te beleef.
Die Rebelspoorvasbyt, wat van 29 April tot 3 Mei deur die FAK se Noord-Kaapse kultuurnetwerk aangebied is, bied aan stappers die geleentheid om die Rebellie van 1914 op ‘n tasbare wyse te ervaar. Deur self die roete aan te pak, kry deelnemers ‘n indruk van die ontberinge en vasbyt wat die rebelle destyds moes deurstaan. Die noukeurig beplande roete is egter reeds op die eerste dag drasties ontwrig toe 120 mm reën oor die Kalahari uitgesak het. Planne moes vinnig aangepas word om te verseker dat ten minste ‘n gedeelte van die roete voltooi kon word. “Daar is geen manier dat reën, koue, wind of enige ander uitdaging 2026 se stappers sou ontmoedig nie,” sê Cara Tomlinson, FAK-kultuurnetwerkkoördineerder en organiseerder van die Rebelspoorvasbyt. “Na ‘n volle dag op die plaas Uitzicht, waar ons hartlik ontvang is, was die groep reg om die eerste 20 km aan te pak.”
Die wagtyd het egter ook waarde gehad. Onder die beskutting van die kuierstoep het die toergids, dr. Louis Bothma – ‘n historikus, skrywer en uitgewer – die geleentheid benut om die Rebellie van 1914 in perspektief te plaas. Hy het die aanloop, verloop en afloop daarvan op ‘n toeganklike en insiggewende manier aan die jongmense oorgedra.”
Volgens Bothma is die lesse uit 1914 vandag nog relevant. Soos die rebelle destyds, bevind baie mense hulself weer in ‘n minderheidsposisie, wat die waarde van samehorigheid en persoonlike verantwoordelikheid benadruk.
Die stappers het ook kernlesse uit die geskiedenis onthou: om die Here in alles te erken; om te glo dat die onmoontlike moontlik is; dat elkeen se bydrae saak maak; dat ware vrywilligheid noodsaaklik is; en dat volgehoue beweging en deursettingsvermoë onontbeerlik bly.
Die 2026-Rebelspoorvasbyt – waartydens stappers van reg oor die land oor vier dae ongeveer 60 km te voet sou aflê – het vanjaar ‘n heel nuwe karakter aangeneem. Die Kalahari was buitengwoon nat, met panne vol water, wat beteken het dat sekere roetepunte oorgeslaan moes word. Tog het die groep onder ‘n helder volmaan op die plaas Bloubos gekamp, waar die Liebenberg-familie – nasate van die boere wat die rebelle twee geslagte gelede gehuisves het – hulle met ope arms verwelkom het.
Die beplande trek na Koegoekoep oor Grondneus moes weens die oorvloedige water laat vaar word, aangesien toegang tot die kampterrein onmoontlik was. Dit was ‘n teleurstelling, aangesien dié plek besonderse historiese waarde dra. ‘n Rebel het destyds in sy dagboek beskryf hoe hulle, ondanks bloedspore wat met elke tree agtergebly het, vasbeslote was om hul bestemming te bereik – al moes hulle handeviervoet teen die duin uitkruip.
Die groep het daarna per voertuig na Zwartmodder langs die Moloporivier beweeg, waar ‘n asemrowende toneel hulle ingewag het: die rivier in vloed, met water wat oor ‘n afstand van bykans 2 km kniediep oor die pad gestrek het.
Die Rebelspoorvasbyt-deelnemers het nie net die unieke skoonheid van die Kalahari beleef nie – sy rooi duine, uitgestrekte vlaktes en sterrehemel – maar ook blywende verhoudings gebou. Terselfdertyd is geskiedenis op ‘n lewende, betekenisvolle wyse aan ‘n nuwe geslag oorgedra.
Die stappers beskryf Rebelspoorvasbyt 2026 as ‘n diep en vormende belewenis – een wat hulle nog lank sal byby en wat reeds die begeerte werk om volgende jaar weer die pad aan te pak.



Op 11 Mei is die gemeenskap ingelig dat die riviervlak van die Oranjerivier tot vlak GEEL gestyg het en dus ontoegangklik en gevaarlik is om te gebruik.
Gariepdam se invloeitempo was die vorige week meer as 4500 m³/s, maar het reeds afgeneem na 2314 m³/s vanoggend. Die dam se vlak het sy maksimum volume van ongeveer 121% bereik.


Die kampterrein in die Kalahari-veld tydens sonsondergang op 1 Mei 2026.
Foto: Dr. Louis Bothma

# Studies en sport skep gees



Rikus Stander, 'n plaaslike takseerder, het met ons studente kom gesels oor taksering van gewasse, in besonder mielies, vir versekering doeleindes. Inskrywings vir studies in 2027 is oop, besoek www.bko.co.za/boerderybestuur vir meer inligting!

Verskeie dames van ons Bo-Karoo Gemsbokke klub, het vanjaar deelgeneem aan die Frances Baard Netbalproewe. Spelers van die streek ding mee en kry die geleentheid om hul talent te wys en vir onderskeie spanne en oefengroepe gekies te word. Dié spelers het die Bo-Karoo Gemsbokke verteenwoordig en hulle sien uit na wat die seisoen gaan oplewer.



0/19 Span
Maryke Mostert
Marine Davel
0/21 Oefengroep
Maria Pretorius
Seniors Oefengroep
Bianca Groenewald, Alexia Smit, Anella Schumann



## Koshuisliga se wenners

**Koshuisliga se wenners:**

- Duiker Dameskoshuis: Vlugbal en Hokkie
- Heldehuis Daghuis: Raak Rugby
- Steenbok Herberg Manskoshuis: Vlugbal en Gees van die liga
- Vaalbos Manskoshuis: Hokkie en Rugby







# 10 VRAE AAN... Lynette Bronkhorst

**1.Wanneer het jy en Andries Orania toe gekom en hoekom?**

Andries het in 2019 pakket gekry by Exxaro en ander werk vir sy ouderdom was skaars. Ek het my ma en pa versorg wat beide in 2020 oorlede is. Andries het in September 2019 saam met sy pa Orania besoek en hy was smoorverlief op die plek. Desember 2019 het hy my hierheen gebring en net daar het ons besluit dis ons toekoms. Na my pa se afsterwe en gedurende Covid het ons opgepak en Mei 2020 was ons sak en pak met ñ karavaan gehaak in Orania.

**2. In watter deel van Orania woon julle en het julle laat bou of klaar geboude huis gekoop?**

Met ons besoek in Orania 2019 het ons ñ erf op die oewer van die Oranjerivier gekoop en dit was ñ uitdaging vir Andries om self ons nessie te bou. Ons het vir 5 maande in die karavaanpark gewoon maar duidelik nie die uitdagings van Orania se temperature geken nie en die bouwerk het stadig gevorder aangesien Andries en sy pa alleen alles gedoen het. Die oplossing was om ñ woonstelletjie naby ons erf te huur waar ons vir 5 jaar knus gewoon het en soos ons fondse gehad het, verder gebou het. Tot ons skok is die huurplekkie verlede jaar November verkoop en moes ons vinnig planmaak. Andries en skoonpa het binne 2 maande ons oewerhuis leefbaar gemaak en vanaf einde Januarie "kamp" ons tog te lekker in ons eie huis.

**3. Waar werk jy? Hoe lank al?**

Ek werk sedert September 2020 by die Orania kliniek en sal dit vir niks verruil nie!

**4. Is die lewe in Orania maklik?**

Orania is vol uitdagings. In ons "vorige lewe" was 2 salarisse, medies, pensioen, gerief, winkels en hospitale ons normaal... maar geen veiligheid en vrede nie, dit vind jy net hier. Skielik is ons tevrede met stof, grondpaaie, ver ry vir tandarts en dokters (wat ons intussen hier by ons gekry het). Self arbei met huis bou is rof, jy maak planne omdat net 4 hande alles doen en groot drome word kleiner om by die finansies aan te pas.

**5. Wat van Orania maak dit 'n wonderlike keuse vir voornemende inwoners?**

Dis 'n familie onder 1 sambreel. Jou eerste water in jou huis, 'n boompie wat jy pamperlang en hy groei uiteindelik, jy kry 'n boks in jou stoor waarna jy lank gesoek het.... niemand buite Orania verstaan dit nie. 'n Motor wat jy nie sluit nie, 'n fiets wat voor die huis bly lê, 'n pikdonker nag buite waarvoor jy nie bang hoef te wees nie... DIS ONS VREDE.

**6. Wat kort in Orania om 'n volhoubare gemeenskap te dien?**

Ons het werksgeleenthede dringend nodig. Fabrieke, voedselverwerkings, groenteplase vir vars produkte!

**7. Wat van Orania se aktiwiteite of jaarlikse funksies geniet jy die meeste en hoekom?**

Kaalvoetkonsert, Plaasbraai, Orania gaan groot, Karnaval en beslis die Tuin tot tafel is van die hoogtepunte.

**8. Wat is jou "motto"?**

Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê (dit was ook my ma se motto)

**9. Wat sou jy in so 'n klein dorp wou verander of aanspreek om meer mense na die dorp te trek?**

Beslis werksgeleenthede!

**10. Wat is jou 5-jaar plan – vir jouself?**

5 jaar plan.... ons is steeds in Orania. Alles wat ons het en is, is net genade van Bo!














TOP KWALITEIT PLUIMVEE TE KOOP
Uitstekende Genetika uit Orania, Noordkaap
As jy op soek is na spog-pluimvee vir jou plaas of erf, is hierdri die ideale geleentheid! Ons bied pragtige Brahma hoenders en Red Bourbon kalkoene aan.
1. Brahma Hoenders (Salmon)
Pragtige, groot hoenders met kenmerkende vere op hul pote. Ons het beide henne en hane beskikbaar.
Prys: R500 elk
Beskikbaar: Henne en Hane
2. 'Red Bourbon' Kalkoene
Hierdie kalkoene is bekend vir hul treffende rooi en wit kleurprofiel en rustige geaardheid.
Prys: R3000 elk
Beskikbaar: Manlik en Vroulik
Plek Orania, Noordkaap
3. 'Royal Palm' Kalkoene te koop
R1500 elk
Manlik en Vroulik
KONTAK
066 552 2591

GRONDLYN

# Christus regeer vanuit sy troon oor Orania

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

– dr Wikus Buys

"God vaar op met gejuig ... Psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing. Want God is Koning van die hele aarde ... God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon."
Psalm 47:8–9. Die Hemelvaart van ons Here Jesus Christus is sy groot troonbestyging in die hemel. Dink daaraan: 'n mens in die hemel as ewige Koning oor die aarde. Die Bybel begin met die woorde: "In die begin het God die hemele en die aarde geskep" (Gen. 1.1). Daardeur leer die Heilige Gees ons heel van die begin af dat die hemel en die aarde bymekaar hoort, omdat God hulle geskep het om aan mekaar verbind te wees. Met die sonde verbreek die mens hierdie band tussen hemel en aarde. Allerhande dwase gedagtes ontstaan daardeur by die mense oor die hemel en die aarde:
– Sommige, soos die sosialiste en kommuniste van ons dag, sê hulle gee nie om vir 'n hemel daarbo nie. Hulle soek 'n hemel hier op aarde deur 'n werkers paradys te vestig. Hulle sal dit doen deur alle werkers en werklose mense bymekaar te snoer en 'n super owerheid vorm wat vir almal betyds en genoeg brood sal voorsien.
– Ander mense sê weer die hemel is belangriker as die aarde, Christene moet nèt konsentreer op die hemel. Wat op die aarde gebeur, ook die onreg, veral die onreg wat as gevolg van arbeidspraktyke instandgehou word, is nie nou van belang nie. Hierdie mense vergeestelik die hele lewe, en sê eintlik die aarde se lewe is maar buitendien swaar mens moet maar wag tot die hemel aanbreek.

**God wil op aarde woon**

Op Orania loop die pad na die hemel egter regoor en regdeur die aarde: dit is wat die Hemelvaart van Christus getuig. Daarom is dit op Orania ook 'n publieke vakansiedag. Dit laat ons stilstaan, dit laat ons dink. Wat beteken Christus se Hemelvaart vir ons, ons is immers nie kommuniste nie en ons sit nie net en wag vir die hemel nie. Ons werk op Orania omdat Christus opgestaan en hemel toe gegaan het. God handhaaf sy bedoelde band tussen die hemel en die aarde. Die Bybel ken drie betekenisse van die woord 'hemel': die hemel as huis van God, die engele wêreld en die blou koepel, die lug bo ons. Ons kyk hier net na God se huis. God wil nog altyd dat sy hemel huis op die aarde vestig. In Genesis 1:2 as die Gees van God oor die waters sweef is dit al die bedoeling.
God stuur uiteindelik sy Seun om 'n ware mens te word en vestig deur die uitstorting van die Heilige Gees sy Koninkryk op aarde. Uiteindelik sal die Seun sy Koninkryk volledig aan die Vader oordra [1 Kor. 15:25]. Ons leef in die tydperk waar die Seun nou aktief regeer vanuit sy hemel troon. Met die Hemelvaart het Jesus Christus aan die regterhand van die Vader sitting geneem van sy regeringsetel. Die Here regeer, oor hemel en aarde, oor alles en almal. Jesus Christus alleen is volledig soewerein. So getuig Hyself dat die Vader alle mag in die hemel en op die aarde aan Hom gegee het. Christus die Koning regeer. Hy het reeds sy regeer plek in die hemel ingeneem. Met die uitstorting van die Heilige Gees, en met die wedergeboorte wat die Gees skenk, maak Christus vir Hom en sy Vader onderdane wat sy alleen regering erken.

**Net Christus is soewerein**

Dit is wat Orania tans uniek maak. Dit kan nie maar net wees dat ons Hemelvaart formeel as publieke Christelike vakansie dag inrig nie, ons moet die uitwerking daarvan in alle aspekte snap. Christus regeer Orania – dit is wat ons ten diepste bely. Dit is 'n geweldige stelling teenoor die soewereiniteit aanspraak van die Suid-Afrikaanse nasie staat wat beweer dat dit soewerein is. Christus regeer oor ons in Orania – ons erken dit en buig gewillig daaronder. In die komende grondwet van Orania behoort diè belydenis 'n prominente plek te hou. Maar by woorde mag dit nie bly nie, dit moet in ons alledaagse praktyk ook blyk. God se Woord het immers nie net by praat gebly nie. God se Woord het vlees geword, sy Woord het mens geword. God se regering is regtig. Sy hemelse uitspraak oor Homself en sy skepping- en reddingswerk het inderdaad 'n mens op aarde geword.

**Soek sy wil in alles**

God bly verbind aan die eenheid, sý eenheid, tussen hemel en aarde. Ons het nie die reg om die aarde, ook ons stukkie aarde op Orania, te ontkoppel aan die hemele nie. Ons het nie die reg om self te regeer asof God nie bestaan nie. Inteendeel, ons selfregering as politieke doelwit moet gerig en gelei wees deur die werklikheid van die Hemelvaart van die Here Jesus Christus. 'n Ware mens in die hemel, Hy bring die huis van God na die aarde toe. Deur die uitstorting van die Gees en die inwoning van die Gees in mense reik God se regering tot alle uithoeke van die aarde uit. Dis wat die Hemelvaart psalm ons leer. Psalm 47 (berym) sing: 'Die Here het opgevaar, Koning is Hy daar.' Laat ons op Orania Jesus Christus se Koningskap in alles soek. In hoe ons ons volksgemeenskap hier inrig, in hoe ons werk en met mekaar werk, in hoe ons met ander mense van ander gemeenskapsgroepe omgaan. Laat ons ons plek hier in Afrika inrig met die vaste wete: Jesus Christus is ons Here en Koning. Hy regeer. Daar sal nie 'n haar van ons kop val as die nie sy wil is nie. Hy is in beheer. Laat ons sy wil soek in alle dinge – ook en veral – as ons ons lewende getuienis lewer aan ons mede-Afrikaners wat nog oorkant die rivier leef, wat God werklik bedoel met die woorde in die vierde gebod: Gedenk die Sabbatdag, ses dae moet jy arbei, en al jou werk doen. Ons mag die hemel en die aarde nie losmaak van mekaar nie. Ons mag nie kies tussen die twee nie. God wil sy hemel huis op aarde inrig. Hoe lyk 'n Orania, hoe lyk 'n stad, hoe lyk 'n streek, hoe lyk 'n Christelike Afrikaner republiek wat besig is om onder leiding van die Heilige Gees onder beheer van Jesus Christus God die Vader se huis so in te rig waar ons bly? Wat 'n ontsaglike roeping. Wat 'n groot voorreg. Jesus Christus het opgestaan. Hy het sy troon in die hemel bestyg. Jesus Christus regeer Orania – dis wat Hemelvaart beteken.



## ORANIADAGBOEK

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za

Mei
15 en 16 Kaalvoetkonsert
30 Plaasbraai
30 Pediater besoek Mediese sentrum
31 Bittereinderdag (FAK / OOM)

Junie
12 BKO 2026 Kampus Opedag
19 Koerania Uitgawe 31
25–27 CVO-skool Winterspele

Julie
17 Koerania Uitgawe 32
25 Pekanoesfees
Draf in die boord
Klawers in die boord

Augustus
3 Orania CVO-Skool Krieket-toernooi
8 Dames Wynproe-aand
9 Stap vir Jesus
12 Taalweek poppekas
14 Koerania Uitgawe 33
14 Taaldag/Taalweek (Oker)

September
5 Orania Gaan Groot
18 Koerania Uitgawe 34

Oktober
1–3 Orania Karnaval
10 Heldedag (Orania Beweging)
16 Muntlegging ten bate van Karoosig-aftreeoord
16 18 Koerania Uitgawe 35






# Moederskap - soos deur Orania se ma's beskryf



Braam, Nicolette, Jannie en Jané Ebersöhn.

**Moederskap is nie net…** die grootste voorreg nie, maar 'n uitdaging wanneer jy 2 kinders in 1 huishouding het wat hemelsbreed verskil.Ons geniet die fase waarin ons jong grootmense is. Hulle is vreesloos en hardloop die toekoms binne! Dit bly genade onbeskryflik groot! Om 'n Mamma te wees is die grootste voorreg!



Riegardt Arno Annika en Jurie Britz en Elmarie Lambrechts.

**Moederskap laat my toe…** om my menswees uit te leef. Om daar te wees nie net vir jou kinders nie maar ook vir dié om jou vir wie jy omgee. Om die rusplek te wees waar almal kan tuis voel en vrede beleef.



Gerhard, Justinus, Hartogh, Juané, Retha en Wilma Brink.
Foto: LigLens Fotografie

**Moederskap bring …** liefde, trots, trane (van vreugde, frustrasie en hartseer), chaos met tye, tande-kners en hardop uit-jou-maag-lag oomblikke, stywe drukke en vuil kyke, maar ook deurgebidde knieë. Wanneer dit nodig is vir tugtiging, bring moederskap deernis en medelye met my eie ma... Dis so 'n groot voorreg om 'n mamma te wees!



Kiana staan voor met Gregory, Jessica, Sagrys, Tiaan en Zachory Eloff.

**Moederskap kan lei tot …** die mooiste storms én die mooiste sonskyndae. As mamma van drie seuns en 'n dogter het ek geleer dat elke huis sy eie ritme het, maar dat liefde, waardes, gebed en deursettingsvermoë die anker bly. As 'n voltydse werkende mamma wat meestal alleen ouerskap aanpak terwyl pappa oorsee werk, het ons spanwerk geleer. Daar is trane, moeilike gesprekke en dae van verlange, maar ook skaterlag, drukkies en klein gebare wat jou hart vol maak. Moederskap is om elke storm saam met jou kinders te trotseer en steeds dankbaar te bly vir die voorreg om hulle mamma te wees.



Sanet v d Westhuizen, Zelda van Staden, Erika van Aswegen, ma Fransie, pa Kobus en Linda Griesel.

**Moederskap is...** geduld, liefde, verdraagaamheid, uithouvermoeë, vertroue en geloof.



Ané , Theunie, Annelize en Yanko Kruger.

**Moederskap maak my…** nie perfek nie maar teenwoordig. Dit is 'n heilige werk in 'n morsige voorskoot.

# Kreatief met oemf



Koerania se redakteur, Dia van Staden, het verlede maand se kreatiewe sessie aangebied. Haar tema het die waarde van kwaliteit persverklarings en sosiale media plasings uitgelig. Op die foto verskyn 'n paar van die individue wat die sessie bygewoon het. Lynice de Beer, Dia van Staden, Riaan Badenhorsst, Cara Tomlinson, Yolandi van den Bergh, Charlotte van Niekerk en Lientjie Jacobs. Dié maandelikse geleentheid is 'n inisiatief van Sprank en Kwikstert.
Die noodsaaklikheid van konstruktiewe kritiek is bespreek. Alhoewel dit moeilik is om kritiek aan te hoor, het elkeen beaam dat dit belangrik is om kritiek te hoor sodat groei kan plaasvind.

Kontak hulle om deel te vorm van die maandelikse leersame sessies deur 'n Whatsapp na 076 480 2213 te stuur.

KOERANIA
083 726 1180
redakteur@koerania.co.za
ORANIA - NOORD-KAAP
KOERANIA Sport






# VREES: Waar is jou angel?

**Valskermsprong gedoen!**
deur Jantoené Oosthuizen

Die mense naby aan my weet dat ek en hoogtes nie vriende is nie.

Gee my enigiets anders en ek sal 'n oplossing vir dit soek en aanpak, maar hoogtes? Nee dankie. Selfs om deur 'n bergpas te ry is vir my 'n groot uitdaging. So valskermspring? Nee. Net geensins.

Maar toe dink ek… hoekom nie? Hoekom nie my vrese uitdaag en dit vierkantig in die oë kyk nie?

Dit is toe presies wat ek gedoen het. En vreemd genoeg, was my mense SO geskok dat ek dit werklik bespreek het… en toe nóg meer geskok dat ek werklik van plan was om dit deur te voer.

Eerlikwaar, niemand het gedink ek gaan dit regtig doen nie, nie eens ek nie.

Daar was 'n oomblik in die vliegtuig waar ek net gedink het: "Nee, nee, nee, nee!" Ek was werklik angstig!

Maar ek het dit gedoen. Wel… natuurlik was ek vasgemaak aan Graham, maar steeds… EK HET DIT GEDOEN!

En wow… dit was bevrydend.

Dit het my weer herinner dat ons almal vrese het, maar ons kan óf bang bly óf daardeur druk.

Partykeer wys die dinge wat ons dink ons nooit sal kan doen nie, presies vir ons waartoe ons in staat is.

"Ek en jy kan regtig enigiets doen, as ons die keuse en besluit gemaak het."

'n Reuse dankie aan elkeen wat hierdie reis saam met my gestap en my ondersteun het. Julle aanmoediging het meer beteken as wat julle besef.

Aan die span van Vryval Karoo — julle was absoluut ongelooflik!













